Vrydag **16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:11-32**

**Fokusgedeelte: Lukas 15: 20b, 28b**

**Opsoekende liefde van God vir jou**

’n Seun wat sy eie pad kies, “my wil” bepaal, genotsoeker, leef ’n sedelose lewe. ’n Seun wat ’n goeie verdienstelike lewe lei. Daar is verpligting, maar hy leer ken nie die hart van die vader nie. Beide het genade nodig, beide het verhouding nodig. Ons sien die hart van die vader in die gelykenis:

- Die pa sien die jongste van ver af en gaan uit na hom toe. Hy gaan ook uit na die oudste seun wat buite staan en mor oor hy wat beter is, minder kry.
- Die pa verseker aan beide sy liefde en deel hê aan hom: deur die feesmaal, omhelsing vir die jongste ... en ook vir die oudste die bevestiging dat alles wat daar is ook syne is.

Jou sondige verlede kan jou nie so ver van God af vat dat jy nie ’n verhouding met God kan ontvang nie. Jou wettiese godsdienstigheid kan jou nie naby genoeg bring om in verhouding met God te wees nie. Verhouding is net genade van die Vader, in Christus, deur die Gees se werking, wat jy in die geloof omhels.

Wanneer ons in verhouding met God leef, sal ons hart ook wees waar God se hart is, naamlik dat mense in verhouding met Hom moet wees. Dan sal ons ook meewerk tot, soek na, en deel in die vreugde wanneer iemand tot bekering kom.

*Sing: Skrifberyming 2-1:1, 6, 7*

*Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)*